

Nomades Voetslaanklub Roete-terugvoer

Mount Komati 22-25 September 2017. (Vr-Ma).

Tussen Machadodorp en Badplaas vanaf die R541.

Naby Bermanzi, 5 Assegais, Pongola Express en Wathaba.

Marius Stander, Erna Lubbinge, Elsabé Düring, Magda Grobler en Norma Grotius stap saam. Silvia moes op kort kennisgewing kansleer.

Vrydag middag kom die eerste motor aan en ons geniet die rustigheid van die rivier voordat ons begin met die vuur vir braai. Die Kamp-opset het ook ietwat verander van 'n paar jaar gelede. Daar is steeds die drie kliphuisies, maar nou het die twee waarin ons geslaap het, elkeen net 3 stapelbeddens in teenoor die 4 van vroër. Dus heelwat meer spasie. 'n Goed toegeruste kombuis met 4 plaat gasstoof, waarvan al 4 plate werk, baie eetgerei en potte en panne ens. Daar is krag. Netjiese ablusie geriewe. "Stinkhout" 2 sitplekkies en twee storte. Ons probeer 'n broodjie bak maar agv 'n halstarige, nukkerige gas-oond, braai ons later die uitgekeerde semi-rou stukke op 'n rooster op die kole gaar. Daar is ook heerlike gekoopte pampoenkies wat gedeel word.



Saterdag-oggend na 8 word die gebruikelike groepsfoto geneem. Ons volg vandag die Ratelspoortjies. Op en Op deur die klofies en stroompies en ruines wat afgewissel word met gras-vlakte.



Verby die groot ou drukkie-boom. Dan die woud-deel, deur verby die 'Avatar' boom en ons kry ons asem so bietjie terug by die 'Uitspan breakie' by die groot ou 'gewone kiepersol' met sy groot ronde loof blare. Die rooi-blom-bome fasineer ons. Die lyk nie heeltemal soos die bottelborsel nie, maar amper. Ons was toe amper reg. Pieta vertel ons later die is die 'Baakhout', wat wel in die bottelborsel familie is. Onderdeur die unike boom met sy mos-tuintjie bo-op en 'n alwyn wat in die boom groei. Deur die delikate alwyn-woud. Op in die waterryke klofie tot



onder die indrukwekkende kranse. Mooi. Uitsigte oor die valei daar onder, as jy opkyk hang die alwyne teen die rotsmuur hier bo jou. Om jou die reuse bome en mosse. Plek-plek fyn trap op die nou rots-agtige paadjie tussen die kranse die die



skerp skuinste hier regs van jou. Dit hou aan en aan. Steeds mooi. Ons sien die Lalinia (lyn-mannetjie) vormige klip en vele ander intresante formasie met goed-beskreiede en baie skerp name. Oral teen die rots-mure die mooiste en fynste varingkies, plantjies, ligene en korsmosse. Dan begin ons uitstyg bo kranse. Dit voel nimmer-eindigend, maar uiteindelik is ons bo-op die plato. Na nog 'n klipperige stukkie op, sien ons 'n enkel-boom-groepie en dit word middag-ete. So net na 12:00 was ons bo was. Ek ons het werklik baie lekker rustig gestap. Dis hoe dit gedoen moet word. Kyk rond en geniet elke hoekie en draaijie. Ons



neem nie die opsie om oor die klein koppie met die hoogte-baken te stap nie, maar 'toets' die nuwe 'Jelly Leg loop' Plat kortpad, om die koppie, wat onlangs bygevoeg



is. Nou sien ons die mooiste rots-formasies waartussen ons deurloop. Oral die kleinste en mooiste veldblommetjies, sommer hier in die paadjies. Verby die skuiling en die (nou droë) watervalletjie in sy eie klofie.

Af tot by die kranse. Dan skerp af. Net as jy begin daal, draai jy dan links af en volg nie meer die lang nimmer-eindigende uitloper soos tot onlangs nie. 'n Baie vars-nuwe paadjie, lei af al tussen die losstaande suikerbossie deur. Min daarvan is al oop. Dan weer 'n paar klip-ruines en kralle en meer bome en klofies. Sommer baie mooi en lekker verrassing so om elke hoek en draai.



Pieta kom ontmoet ons op 'n afgespreekte punt, aangesien die laaste kilometer of twee van die nuwe paadjie nog gemerk moet word. Hy vertel ons van al sy nuwe planne op die plaas en die plantegroei. Baie intresant. Dan oor die groot grondpad en die laaste entjie langs die rivier langs tot by ons heerlike kamp. Die

roete is sowat 13km, maar styg ongeveer 571m (sonder die uitkykkoppie met die hoogtebaken), wat ons weer moes daal. Die groot Sig-Sig af met met die uitloper is uitgesny vir die wat die roete 'n tyd gelede geloop het en die roete so 2km korter gemaak, en meer van die 'mooi' voetheuwels is deelgemaak van die roete. Die roete wissel tussen 1259m bo seevlak by die kamp en 1830m naby die 'Jellie Loop'

Saterdaggaand is ons voorgereg perfekte pannekoekes deur bo-baasbakster, Norma, nadat Pieta ons groot bederf deur ons met sy bakkie op te neem na die diere-voerplek waar hy korrels en lek uitsit. Die Sebras, met ou 'Lightning' ook daar en die trop blouwildebessies reageer op Pieta se roep 'Pilletjies, Pilletjies' soos hy die korrels uitgooi. Wat 'n besonderse ervaring om meters weg van die diere te wees soos ons op en in die bakkie sit.



Sondagoggend stap ons eers die nuwe roete oorkant die rivier, 'Likkewaanlaan' al langs die rivier en dan die 'Loerie Loop' wat so bietjie berg-op gaan. Die roete is nog nie amptelik oop is nie, en ook nie gemerk is nie, dus stap Pieta saam. Ons 'hak eers vas' by Amos se gat, 'n groot verwyding/dam in die rivier waar die groot en klein skub geel-vis hou. Weer gewapen met 'n emmerjie vis-kos lok Pieta die sku visse om hul vir ons te wys. Na 'n rustige lang verposing langs die waters vat ons weer die pad. Almal moes deur Pieta se 'Polaroid' bril kyk, dan lyk die visse baie mooier. So 10:45 is ons terug by die kamp na sowat 3.5Km, en geniet eers die bobejane wat kom eet op die voerplekkie op die grasperk voor die kamp. Erna en Elsabe verlaat ons op die stadium en keur terug na Pretoria vir ander verpliginge en verrassing wat op Erna sou wag.

Na 'n rustige siesta stap ons oorblywende drie so na 15:00 'Oupa Loelie' se wandellaan tot by die anderkant van Amos se gat. Ons geniet weer die rustigheid van die water. Dan 'n paar alternatiewe paadjies en ons besluit om sommer pad-langs te loop verby die voerplek van die vorige aand, tot by die ander dam waar Pieta en van sy kuiermense ook is. Na 'n lekker kuiertjie stap ons terug kamp toe. 'n Heerklike dag gewees. Vure aangesteek en die twee motorfietsryers, ook van Pretoria wat in die luukser chalet woon, kuier en braai saam met ons.



Maandagoggend stap ons die gewone 'Dag 2' roete wat sowat 4.4km lank is wat met die paddaspoortjies gemerk is. Styging is net sowat 150m. Deur heerlike klofies op, verby die Bos-lmax, en oor bruggies en stroompies. Die Proteas so mooi met hul rooi-blaar-koppe. Verby nog 'n hele aantal klip-ruines en mure. Oor die voetheuwel en uitlopers, oor die grondpad, en dan 'n entjie al langs die rivier langs. Ek neem 'n vinnig duik in die rivier, maar die ongelyk en seepgladde klippe maak dit nie maklik nie, maar O soooo verfrissend. Die res verkies om maar net hierdie lawwig te aanskou van die kant af.

Dan so rondom 10:30 is ons terug by die kamp en eers die mense wat die dakke wil herstel en toe die skoonmakers wat solank, terwyl ons nog rustig wou kuier, begin lakens afhaal en meubels regskuif. Uitgang tyd is mos normaalweg so 10:00. Ons pak maar gou op en neem die pad na Pretoria. Net waar die N4 die '80km/h' dubbelpad stukkie is, wes van Millies, stop ons by George's en geniet 'n heerlike middag-ete by 'n lekker stil restaurantjie. Gee gerus vir Millies en Alzu 'n slag 'n mis en probeer George's by die Puma garage.



Ons kies onderskeidelik die burger en skyfies, omelet en die spek-en-eier-toebroodjie. Heerlik.

Alles terugskouend, 'n heerlike naweek. Lekker roetes, goeie kombinasie van lank en hoë klim die eerste dag en dan die rustigheid van die rivier stappies. Alles met mooi wye uitsigte. Ons was min, maar Pieta het ons heerlik vermaak met al sy stories en die besoek aan die voerplek en Amos se gat waar hy die vissie voer. 'n Man met 'n passie vir die juweeljie in Mpumalanga.



Ons het direk by Mount Komati by Pieta bespreek.

www.MountKomati.co.za / MountKomati @Gmail.com / 082 650 2417

Projek Finansies:

Ons vra R630 per lid vir die 3 aande.

Gelde inbetaal: (R630*5)+(R420) R3570

Gelde uitbetaal: R3618

Roete-eienaar: R200x3nagtex5 mense :	R3000
Roete-eienaar: R200x2nagte :	R 400
Roete-eienaar: Admin fooi :	R 100
Charcole (3x4kg sakkies) en aanstekers:	R 103
Hout (1 sak)	R 15

Projek Tekort : R 48



Stapgroete

Marius Stander

MariusStanderPTA@gmail.com

Nomades Voetslaanclub

Sien www.nomades.co.za vir meer inligting en meer stapverslae.

2017/10/22b

